

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

100 punte

VRAAG 1

**MO, DIE GLIMLAGMAGNEET, HET DIEP IN SUID-AFRIKA SE HART
GEKRUIP**

- 1.1 Wat sê die titel vir ons oor hoe die Suid-Afrikaanse mense oor Mo voel? (1)
- 1.2 Wat dink jy is 'n "riel" (par. 1) as jy die beskrywing in par. 2 lees? (1)
- 1.3 Watter woord in par. 1 wys dat hierdie meerkat besonder populêr is? (1)
- 1.4 Wat verstaan jy onder die uitdrukking: met die louere wegstap? (1)
- 1.5 Watter woord is deur 'n koppelteken vervang in rugby-? (par. 2) (1)
- 1.6 Wat beteken "binnekort"? (par. 2)
- 1.6.1 dit gebeur herhaaldelik binne 'n kort tydperk
- 1.6.2 dit gaan gou/binne 'n afsienbare tyd gebeur
- 1.6.3 dit duur nie lank nie
- Skryf slegs die nommer van die korrekte antwoord neer. (1)
- 1.7 In watter TV-vertoning was Mo, die meerkat, te sien? (1)
- 1.8 Watter firma het die navorsing gedoen om uit te vind watter TV-program die gewildste was? (1)
- 1.9 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
Gee ook 'n aanhaling om jou antwoord te motiveer. (2)
- Dit is net kinders wat van hierdie advertensie hou.

1.10 Watter mark *is besig om te groei*?

1.10.1 'n ontluikende mark

1.10.2 'n ontwikkelde mark

Skryf slegs die nommer van die korrekte antwoord neer. (1)

1.11 Noem TWEE eienskappe wat selfoongebruikers moet hê as hulle in die teikenmark van hierdie advertensie val. (2)

1.12 Watter maatskappy word geadverteer? (1)

1.13 Hoe verskil Mo van ander animasiekarakters? Skryf in jou eie woorde. (1)

1.14 Is die onderstaande sin 'n *feit* of 'n *mening*?

"Mo het hom deur en deur bewys as 'n baie suksesvolle handelsnaam en ikoon in die jeugmark." (par. 6) (1)

16 punte

VRAAG 2

Vluglees die twee weergidse wat op 23 Desember 2006 en 30 Desember 2006 onderskeidelik verskyn het (Leesstuk 2) en beantwoord die volgende vrae:

2.1 Wie is die twee weervoorspellers in die weergidse van 23 Desember en 30 Desember? (2)

2.2 Noem enige soort gevaar wat daar kan bestaan. (1)

2.3 Wanneer was Sutherland die koudste: op 23 Desember of 30 Desember? Skryf slegs die korrekte antwoord neer. (1)

2.4 Kyk na die weerkaart vir die Wes-Kaap 23 Desember. Watter plek se temperatuur bly die konstantste oor die drie dae: Springbok of Kaapstad? Skryf net die naam van die plek neer. (1)

2.5 As jy na die tekens kyk wat aandui hoe die weer op die verskillende plekke gaan wees, hoe dink jy gaan die weerstoestande in die meeste plekke van Suid-Afrika wees? Noem twee dinge. (2)

2.6 Wat dink jy is die verskil tussen 'n motreën en 'n donderbui? (2)

9 punte

VRAAG 3

Lees die advertensie <www.vodacomdirect.co.za> (Leesstuk 3) en beantwoord die volgende vrae:

- 3.1 Wat word daarmee bedoel as 'n mens sê dat iets *kinderspeletjies* is? Dit is baie (een woord). Skryf slegs die woord neer. (1)
- 3.2 Watter ander betekenis het *kinderspeletjies* as jy na die prent in die sirkel kyk? (1)
- 3.3 Wat is volgens die advertensie *nie moeilik nie*? (1)
- 3.4 Watter tegniek word gebruik om te beklemtoon dat 'n mens niks hoef te betaal vir sekere dienste nie en dat 'n mens sonder frustrasies sal wees? (1)
- 3.5 Watter ander tegniek word in hierdie advertensie gebruik word om die teikenmark se aandag te trek? (1)

5 punte

VRAAG 4

Lees die artikel "Sotlike sondes van sewe soorte simpel snobs ..."

Beantwoord die volgende vrae deur die inligting in die artikel op te som in jou beantwoording van die vraag. Jy mag nie in telegramstyl skryf nie, maar net in volsinne. Die aantal woorde mag nie meer as 100 wees nie.

MOENIE SINNE DIREK OORSKRYF NIE.

- 4.1 Wat doen **geldsnobs** om seker te maak dat almal weet hulle het baie geld?
- 4.2 Wat doen die **lyfsnob**, as dit 'n vrou is, om haar skraal liggaam af te wys?
- 4.3 Hoe reageer 'n **IK-snob** as hulle aan mense voorgestel word wat nie geleerd is nie?
- 4.4 Waarom is dit vir 'n ware natuurmens 'n irriterende pyn om 'n sogenaamde **natuursnob** raak te loop?
- 4.5 Waarom moet jy liever nie vir 'n **kossnob** sjerrie saam met oesters, gewone hoender of soutertert voorsit nie?
- 4.6 Hoe sal jy weet as iemand 'n **wêreldreisigersnob** is?
- 4.7 Wat sal 'n **kindersnob** doen om by hulle vriendinne met hul kinders te spog?

10 punte

VRAAG 5**VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die gedig "**Lied van die fietsers**" (Antjie Krog) in leesstuk 5 en beantwoord die volgende vrae:

- 5.1 Wat is die fabrikaat van die fiets waarop die bruin seun ry? (1)
- 5.2 Gee 'n voorbeeld van beginrym in strofe 1. Wat is die funksie daarvan? (2)
- 5.3 "met konakwaberge al langs sy rug af"
Verduidelik die metafoor in hierdie reël kortliks. (2)
- 5.4 Gee 'n voorbeeld van klanknabootsing in strofe 1. (1)
- 5.5 Daar word verskillende geografiese gebiede in die gedig genoem. By watter dorp of stad begin en eindig hulle fietstoer? (2)
- 5.6 Waarom is daar 'n ellips/beletseltokens aan die einde van die gedig: "nog steeds ..."? (1)
- 5.7 Noem EEN van die bruin fietsryer se eienskappe wat daartoe gelei het dat die verteller op hom verlief geraak het. (Moenie fisiese eienskappe noem nie.) (1)

10 punte

VRAAG 6**VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die gedig "**die straatkind**" (Linda Roos) in Leesstuk 6 en beantwoord die volgende vrae:

- 6.1 In hierdie gedig word 'n paar randfigure genoem (In hierdie geval is dit mense wat deur die samelewing verstoot word). Noem enige twee. (2)
- 6.2 Noem twee voorbeelde uit die gedig wat wys dat die straatkind homself geïsoleer het van ander mense. (2)
- 6.3 Gee 'n voorbeeld uit strofe 2 van 6.3.1 'n **vergelyking**; en 6.3.2 **personifikasie**. Haal telkens 'n versreël of twee as antwoord aan. (2)
- 6.4 Daar is drie ander probleme in die samelewing wat ook aangespreek word. Noem enige TWEE van die probleme. (2)
- 6.5 Die verteller het in haar kennismaking met die straatkind 'n boodskap ontvang. Wat dink jy is hierdie boodskap in die lig van alles wat in die gedig genoem word? (2)

10 punte

VRAAG 7**ONVOORBEREIDE GEDIG**

Lees die gedig "**Oorkant die spoorlyn**" (Johan van Wyk) Leesstuk 8 en beantwoord die volgende vrae:

- 7.1 Hoe verskil die plek waar die boemelaars bly van dié van die straatkind in die vorige vraag? (2)
- 7.2 Hoe weet jy hulle bly naby die see? Gee twee aparte woorde wat dit bewys. (2)
- 7.3 Daar is 'n hele paar mense wat saambly. Gee twee bewyse uit die gedig. (2)
- 7.4 Waar bly die verteller? (1)
- 7.5 Hoekom het die boemelaars "die beste sonsondergange en sonsopkomste"? (1)
- 7.6 In sowel "die straatkind" as "Oorkant die spoorlyn" is daar iemand of iets wat seerkry. Bespreek. (2)

10 punte

VRAAG 8

Kyk na die spotprent (Leesstuk 8) en beantwoord die volgende vrae:

Voltooi die volgende sinne soos aangedui:

- 8.1 Verbind die twee sinne met 'n gepaste voegwoord sodat die betekenis steeds dieselfde bly:
Pietie het 'n blink toekoms. Hy reageer baie goed op ons aanmoediging. (1)
- 8.2 Sy (reageer) is baie goed as ons hom aanmoedig. (1)
- 8.3 Pietie is die (vinnig) atleet, want hy is ver voor die ander atlete. (½)
- 8.4 Volgens die koerant *vind* daar baie dwelmskande in skolesport (een woord). (½)
- 8.5 Pietie is skuldig 8.5.1 (een woord) die gebruik van dwelms 8.5.2 (een woord) einde vinniger te hardloop. (1)

4 punte

VRAAG 9

Kyk na Leesstuk 9 "Vreesaanjaende tragedie in vliegtuie" en beantwoord die volgende vrae:

- 9.1 Sin 1: Benjamin het Maandag, 22 Januarie in die wielruim van 'n British Airways-vliegtuig op die Kaapstadse Internasionale Lughawe geklim.
Skryf die sin oor maar begin met:
Maandag ... (1)
- 9.2 Sin 3: Sy lyk is in Los Angeles gevind met 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument.
Skryf die sin oor in die bedrywende vorm.
Hulle ... (1)
- 9.3 'n Boeing 747 het 'n totale vliegafstand van 13 450 km en kan tot 913 (**km/h** – skryf afkorting uit) vlieg. (1)
- 9.4 Benjamin het by die (regterkantse – gee die teenoorgestelde betekenis) hoofwielruim ingeklim. Skryf net die woord. (1)
- 9.5 Skryf die volgende sin in die toekomstige tyd:
Benjamin het by die regterkantse hoofwielruim ingeklim. (1)

5 punte

VRAAG 10

Kyk na die spotprent (Leesstuk 10) en beantwoord die vrae wat volg.
Skryf slegs die woord neer wanneer toepaslik.

- 10.1 Die eerste slagoffer sê dat hy ... (voltooi die sin). (1)
- 10.2 Vir die tweede slagoffer is huise wat (een woord) is, belangrik. (1)
- 10.3 Wat noem ons iemand wat in die tronk beland? (1)
- 10.4 Hy dra 'n klein 9.4.1 (mus) oor sy 9.4.2 (oog) sodat niemand hom kan herken nie. (1/2 elk) (1)
- 10.5 Hulle steek hulle hande in die lug 9.5.1 (een woord) wat wys dat hulle 9.5.2 (baie bang – een woord) is. (2)
- 10.6 Gee een woord in die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:
Die kat kies die (haas + pad). (1)

7 punte

VRAAG 11

Lees Leesstuk 11 "Tienervriendelik" en beantwoord die volgende vrae:

- 11.1 Skryf: "Dit voorspel moeilikheid" (par. 1) oor in die lydende vorm.
Daar ... (1)
- 11.2 Skryf 'n versamelwoord in par. 1 neer. (1)
- 11.3 "Ek wil hê tieners moet van my hou." (par. 2)
- 11.3.1 Wat is die **onderwerp** van die sin? (1)
- 11.3.2 Skryf die twee **hulpwerkwoorde** neer. (1)
- 11.4 "Maar voor jy 'n tiener kan verstaan, **moet** jy eers verstaan waarom hulle jou nie kan verstaan nie." (par. 3)
- Skryf die sin oor, maar vervang **moet** met **behoort**. (1)
- 11.5 "Tieners kan nie verstaan **waarom grootmense so baie van stilte hou** nie. " (par. 3)
- 11.5.1 In die verlede ... (voltooi die sin) (1)
- 11.5.2 Skryf 'n vraag neer waarvan die donker-gedrukte deel van die sin die antwoord is. (1)
- 11.6 "Tieners kan ook nie **verstaan** hoe Newton swaartekrag kon **ontdek** het – maar nooit aan CD's en DVD's gedink het nie." (par. 4)
- 11.6.1 Skryf 'n selfstandige naamwoord vir **ontdek** deur 'n afleiding te maak. (1)
- 11.6.2 Skryf 'n ander woord met ongeveer dieselfde betekenis as **verstaan**. (1)
- 11.7 "Watse geld kan jy nou uit swaartekrag maak? " (par. 4)
- Skryf die sin oor, maar begin as volg: Hoe is dit moontlik om (voltooi)? (1)
- 11.8 "Eintlik dink ek tieners voel diep seergemaak omdat ons nie hul musiek verstaan nie. " (par. 5)
- Skryf die sin oor, maar verander die betekenis deur **glad nie** in die eerste deel van die sin te voeg. (1)
- 11.9 "Binne net een geslag het die mensdom van dom (**dis nou ons**) tot slim beweeg. " (par. 6)
- Waarom word die hakies in die sin gebruik? (1)

12 punte

VRAAG 12

Kyk na die prent (Leesstuk 12) en beantwoord die volgende vraag:

Hoe word die **man** en die **vrou** onderskeidelik in hierdie prent **gestereotipeer**? (2)

2 punte

Totaal: 100 punte